



PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LAAT

JOU STEM

OPKLINK

Alle belangstellende en geaffekteerde partye, individueel en/of georganiseerd, word uitgenooi om deel te neem aan die openbare verhore oor die hersiening van artikel 25 van die Grondwet, ten einde die GHK by te staan.

Die GHK vra om jou menings betreffende hierdie vrae:

- Belemmer artikel 25 van die Grondwet die onteining van grond sonder vergoeding?
- Watter wysiginge sou jy graag wou sien vir die behoorlike inwerkingstelling van artikel 25 van die Grondwet?

WAT IS ARTIKEL 25 VAN DIE GRONDWET?


Artikel 25 van die Grondwet is algemeen bekend as die eiendomsklousule van die Grondwet. Gemelde klousule maak voorsiening vir die stappe wat gevolg moet word wanneer die Staat besluit om in die openbare belang eiendom van individue of maatskappye te onteien. Die proses waarvolgens die Staat grond in die openbare belang onteien, staan wydlopend bekend as onteïening.

Die onteïening van eiendom in die openbare belang kan onder meer die aanwending van grond om waterpype, huise en paaie te bou en ook vir grondhervorming en landboudoeleindes insluit.

Artikel 25 van die Grondwet bepaal voorts dat die openbare belang die nasie se verbindheid tot grondhervorming en die verwesenliking van billike toegang tot al Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne insluit.

Die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies het onlangs besluit om 'n mandaat te gee aan die Gesamentlike Staande Komitee oor Grondwet-hersiening (GHK) om die hersiening en moontlike wysiging van artikel 25 van die Grondwet te oorweeg ten einde dit vir die Staat moontlik te maak om in die openbare belang eiendom sonder vergoeding te onteien, met inbegrip van grond.

WAAROM ARTIKEL 25 VAN DIE GRONDWET HERSIEN?



Vanweë die diskriminerende praktyke van apartheid is swart mense deur middel van diverse stukke wetgewing en beleid, waaronder die Swart Grond Wet van 1913 en ander wetgewing, van grond vervreem. Ingevolge die Swart Grond Wet van 1913 en ander wetgewing is swart mense beperk tot die besit van 13% van die totale grondmassa in Suid-Afrika. Die onlangse grondoudit verklaar dat Afrikane minder as 2% van landelike grond en minder as 7% van stedelike

grond besit. Dit beteken dat post-apartheidwetgewing nie daarin geslaag het om aandag te gee aan die verspreiding van grond deur die Regering nie omdat slegs 8% van die grond sedert 1994 aan swart mense oorgedra is.

Neem kennis van wetgewing voor en na aanvang van demokrasie

**Grond
Wet van
1913**

**Gewillige
verkoper
en
gewillige
koper
(beleid)**

**Onteien-
ings-wet
1975**

**Wet op
Herstel van
Grondregte
1994**

**Wet op die
Uitbreiding
van Seker-
heid van
Verblyfreg
1997**

WIE IS VERANTWOORDELIK VIR HIERDIE HERSIENING?

Die Parlement het aan die KHK 'n mandaat gegee, soos gerig deur die Gesamentlike Reëls van die Parlement van Suid-Afrika, Gesamentlike Reëls 97-103, om openbare verhore oor artikel 25 van die Grondwet te hou. Daaropvolgend sal die Komitee alle insette van die publiek oorweeg sodat hy voorsiening kan maak vir die onteiening van eiendom, waaronder grond, sonder vergoeding.


HOE NEEM 'N MENS DEEL AAN HIERDIE HERSIENING?

Alle belangstellende en geaffekteerde partye, individueel en/of georganiseerd, word uitgenooi om deel te neem aan die openbare verhore oor die hersiening van artikel 25 van die Grondwet, ten einde die GHK by te staan. Die GHK vra om jou menings betreffende hierdie vrae:

- Belemmer artikel 25 van die Grondwet die onteiening van grond sonder vergoeding?
- Watter wysiginge sou jy graag wou sien vir die behoorlike inwerkingstelling van artikel 25 van die Grondwet?

WAT GEBEUR NADAT VOORLEGGINGS GEDOEN IS?

Nadat voorleggings gedoen is, sal die GHK hierdie proses en tydlyne volg:



HOE SAL HIERDIE HERSIENING VIR JOU TOT VOORDEEL STREK?

- Jou inset of sienswyse kan moontlike wysiging beïnvloed wat ingesluit moet word in die verslag wat die Komitee voor die Parlement ingedien moet word.
- Om die wetskrywende proses te volg wat daarop gerig is om die Staat toe te laat om grond sonder vergoeding te neem.
- Jy sal weet dat die Staat, nie landsburgers, individue en organisasies nie, die mag het om grond in die openbare belang te onteien.
- Datums is onderworpe aan die parlementêre program